ELJADA HUIS –Artikel 21 (MSW reg no 2012/109020/08
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Facebook – Eljada Huis

Eljada Huis
waar die HERE sorg en voorsien!
Reg no. 2012/109020/08

6 September 2012
Dagsê Almal

By die Eljada huis is trane ons daaglikse brood en baie daarvan is vreugdetrane oor die groot genade wat hier uitgestort word. Die tweeling Jenny en Hettie het gister een van hul lank verlore sussies weer gesien. Petro het vir hulle ma gespeel toe hul eie ma deur drank verlei en strate toe is. Pa was nie van veel hulp nie en het hulle uiteindelik by die kinderhuis gaan aflaai toe hulle 10j oud was. Albei het aan Petro vasgeklou en geskreeu om hulle nie daar te los nie en sedertdien het hulle kontak met mekaar verloor. Naweke tuis het in 'n nagmerrie begin ontwikkel. Na 31 jaar was die weersiens baie emosioneel en hulle sê net aanmekaar "Prys die Here" en dan loop die trane weer. Ek vra dat jul aan hulle sal dink in jul gebede want hulle het dit baie nodig met al die trauma van die verlede wat nog so deel is van hul hede.

Maandagaand het ek en Pieter by die Kuriake Bediening se Walter gaan aanklop vir hulp. Walter is van mening dat Pieter se enigste probleem is dat hy die verkeerde kruk gebruik wanneer hy voor die versoeking staan. Hy swig voor die versoeking in plaas van om te bid dat die satan moet wyk en toe gee hy sy eie getuienis aan ons. My mond hang oop en die trane word weggepik terwyl ek luister na sy eie verhaal van sy vrou wat dood is en sy 3 jaar van eensame hel in die gevangenis waar hy net sy Bybel gehad het as geselskap. As sy mond oopgaan is dit net oor die Here se goedheid wat hy getuig. Vandag wei hy sy lewe daaraan om ander deur hul eie krisisse te lei met die Woord aldus sy sêding van daar is net een pil en dit is die Gos-pil. Tot sover het Walter en Thereza wat hy by die gevangenis ontmoet het waar sy tronk bediening gedoen het 'n groot verandering in Jofri se menswees teweeg gebring. Jofri lyk gesond en rustig en hy werk mooi saam. Ek is dankbaar vir die eerste R1500 wat ek ontvang het vir sy herstel maar ons het nog R3500 nodig plus R2200 vir sy tande. Hy wys trots vir my sy mond waar al die tande nou getrek is en hy kan nie wag vir sy nuwe gebid nie.

Wat 'n vreugde is ons Maandae nie met die bejaardes wat kom kuier. Loopringe, plastiese sakkies met 'n sneesdoekie in of sommer 'n halwe rolletjie toiletpapier word ingelaai wanneer ek hulle gaan haal. Elkeen kan deur 'n ring getrek word en lyk soos Sondag kerk-toe-gaan. Hulle hang be hoorlik aan Ds. Cobus se lippe wanneer hy hul lei in die

bybelstudie en hy geniet die klomp net so. Die opleidingslokaal sit kant en wal vol en ek draai dankbaar om kombuis toe om toe te sien na die kos. Liza wys vir hulle film en die dankie, dankie, dankie uit hul monde al die pad terug "huis" toe maak my dag volmaak. Ek dink nie wêreldsgoed kan vir hulle meer vreugde bied as hierdie bietjie liefde wat ons oor hulle uitstort nie. Dankie aan julle almal wat dit ook vir my moontlik maak om my werk te kan doen.

Ons het gister weer PWPCF vergadering gehou en die kombuis "personeel" het uitgehang met terte en southappies uit die kombuis wat met keurigheid voorgesit is. Toe die eetgoed bespreek word en hulle vir my vra om die en daai te gaan koop was my opdrag – wees vindingryk en gebruik wat in die kombuis is. Die vergadering het afgesluit en die gaste het heerlik gesmul. Met 'n verleë maar tog trotse gevoel het ek besef dat ons nie koekligters het nie want een tert het 'n klein eierspaan in, die ander een 'n slap lem mes en die ander sommer 'n gewone mes. As iemand dalk ekstras het sal ons dit baie waardeer.

Corlia-hulle het in die huis ingetrek en ek het gisteraand eers verneem dat die twee dogters se beddens blykbaar in 'n haglike toestand is. Ek het reeds vir klein Tom een gekry – baie dankie. Ek gaan vandag die foutelys van die huis doen en sal maar kyk wat is nog kort. Su-marie word Saterdag 18 en Tanya was 17 in Junie en gister kom vra Corlia of sy asb. vir haar 'n koek kan bak Vrydag. Ook maar ma en wil graag iets spesiaals vir haar doen. (Su-marie se skooltas val uitmekaar). Soos altyd sê ek natuurlik en haar dankbaarheid is duidelik in haar traangevulde stemmetjie toe sy wegstap en ek dink so terug aan my eie kinders se oorlaaide geleenthede wat hulle gehad het. Ek besef en sien daagliks hoe hierdie mense die kleinste dingetjie met die grootste dankbaarheid ervaar. Dankie weereens aan elkeen van julle wat iets bydra om hierdie dinge moontlik te maak.

Baie dankie vir al die kos wat afgelewer is en ek vra hierdie week asseblief badkamer items soos seep, sjampoe, spuitgoed vir mans en vroue, doekies vir die dames, skeermesse en dan ook kerse. Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete

Annatjie